Beste kollegas

Ons is gereed om die **Sertifikaat in Bedieningsvernuwing** in 2018 vir ‘n 4e groep predikante aan te bied. Ek heg die bekendstellingspamflet hierby vir julle aan met die versoek dat julle ons sal help om dit onder predikante van julle sinodes bekend te stel. Ek sal dit waardeer as julle ons behulpsaam kan wees om **ten minste vier** persone uit elk van die julle sinodes te werf. (Ons heg ‘n lys aan van persone wat reeds die kursus voltooi het of tans daarmee besig is).

Die voorlopige datums vir die eerste drie modules is

- 6-8 Maart 2018
- 5-7 Junie 2018 en
- 16-18 Oktober 2018

Die kontaksessies word in Pretoria by die NG Gemeente Suidoos-Pretoria (Stellastraat) aangebied.

Ons probeer die koste so laag as moontlik hou en vra R 875-00 per module (wat kursusmateriaal, 2 middagetes en 3 dae se verversings insluit). Betaling geskied per module, maar kan ook per jaar (dws R 2 625-00) of vir die hele kursus vooruit (dws R 7 875-00) betaal word.

Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).

Dit is belangrik om te onthou dat die persone wat vir dié kursus inskryf, al nege modules moet voltooi.

Vriendelike groete

André Bartlett
EXCELSUS